education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

## AFRIKAANS TWEEDE/ADDISIONELE TAAL VRAESTEL 1

## HOËR GRAAD

## OKTOBER/NOVEMBER 2006

## 102-1/1

AFRIKAANS ADDISIONELE/TWEEDE TAAL HG: Vraestel 1

102 1 1 HG

X25

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

GAUTENG

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: LEESBEGRIP (VRAAG 1, 2 en 3)

   AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 4)

   AFDELING C: KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK (VRAAG 5, 6 en 7)

3. Lees en volg die instruksies by AL die vrae.

4. Nommer die antwoorde soos die vrae genommer is.

5. Begin ELKE VRAAG (VRAAG 1 – 7) boaan 'n nuwe bladsy.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Beplan jou tyd.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: KOERANTARTIKEL

- Lees die volgende koerantartikel versigtig deur.

### BART (STOUTERD) SIMPSON KÁN 'N ROLMODEL WEES!

1 Hierdie woorde sal baie ouers ontstel, want dié klein strokieskarakter was nog maar altyd stout. Hy kom nie klaar met mense in belangrike posisies nie en dit laat hom dikwels in allerhande snaakse situasies beland.

2 Sy pa, Homer, is nie veel beter nie. Hy is eintlik maar net 'n volwasse Bart, terwyl sy ma, Marge, die gesin bymekaar hou en die regte dinge probeer doen. Bart se suster, Lisa, is die slimkop. Sy is verantwoordelik en behoort eintlik die rolmodel te wees. Kinders wat TV kyk, sal egter meer van Bart as van Lisa hou. Dis die rede waarom baie ouers nie hulle kinders toelaat om na dié program te kyk nie.

3 In een van die programme was die skoolhoof baie onverantwoordelik. Hy het 'n klomp kitskosmasjiene by die skool laat installeer. Die masjiene speel harde musiek wat die kinders oorreed om gemorskos te eet en te eet! Lisa sien dat dit gevaarlik is en probeer almal waarsku, maar Bart is onbeskof en stamp haar uit sy pad in sy haastigheid om by die masjiene en die kos uit te kom.

4 Hy word só vet dat hy die sypaadjies laat kraak en uiteindelik kry hy 'n hartaanval. Hy voel later sleg oor sy swak eetgewoontes en breek al die masjiene by die skool.

5 Die les wat Bart dus vir die kykers leer, is dat sy leefstyl en eetgewoontes nie vir 'n mens goed is nie.

[Verwerk uit: *Die Burger,* 3 Desember 2005]

- Jy sal nul kry as jy nie die instruksies volg nie.
- Gee slegs die antwoord.
- Jy hoef nie die vrae in volsinne te beantwoord nie.

1.1 Haal EEN WOORD aan wat vir ons sê dat Bart Simpson 'n voorbeeld vir ander mense kan wees. (1)

1.2 Watter ander naam gebruik mense ook vir Bart Simpson? (1)

1.3 Haal EEN WOORD aan wat vir ons sê dat ouers ongelukkig sal wees as hulle lees dat Bart 'n rolmodel is. (1)

1.4 Watter TWEE eienskappe van Bart sal ouers nie in hulle eie kinders wil sien nie? (2)

1.5 Na watter een van sy ouers aard Bart? (1)

1.6 Die TV-kykers beskou Lisa Simpson nie as 'n rolmodel nie, maar hulle sien Bart as 'n rolmodel.

Waarom is dit ironies? (2)

1.7 Gee EEN rede waarom dit 'n fout was om hierdie kosmasjiene by die skool te installeer. (1)

1.8 Waarom word die woorde, "te eet", in paragraaf 3 herhaal? (1)

1.9 Gee TWEE bewyse dat Bart baie gulsig is. (2)


1.10 Haal EEN WOORD aan wat vir ons sê wat Lisa van die nuwe kosmasjiene dink. (1)

1.11 Wat doen Lisa om die ander leerders te help? (1)

1.12 Watter TWEE dinge het veroorsaak dat Bart sy eetgewoontes verander het? (2)

1.13 Vergelyk paragraaf 3 en paragraaf 5.

Vertel hoe Bart Simpson 'n rolmodel geword het. (2)
**[18]**




Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2: TELEVISIEGIDS

- Lees die volgende televisiegids versigtig deur.

| SABC 1<br>20:00 – 20:30<br>GENERATIONS | SABC 2<br>18:30 – 19:00<br>7DE LAAN | SABC 3<br>18:30 – 19:00<br>ISIDINGO |
|---|---|---|
| Die vreeslike geveg tussen die twee tydskrifte, *Sista* en *Gloss*, is 'n direkte aanval op die woedende Ngamla, een van die eienaars.<br>Wie het by wie idees gesteel? Gaan hierdie stryd uiteindelik in die hof eindig? | Neville vertel reguit vir sy eks-vrou dat hulle verhouding finaal verby is, maar Emma is bereid om haar lank-verlore pa, Tokkie, nog een kans te gee om te bewys dat hy tog 'n goeie pa was. | Thandeka sweer wraak op die persoon wat vir George die waarheid vertel het. Cherel, die feeks, ontdek dat 'n belangrike besitting uit haar kamer verwyder is. |
| **M-NET<br>18:00 – 18:30<br>EGOLI** | **M-NET<br>18:30 – 19:00<br>HOPE AND FAITH** | **SATELLIET kykNET<br>19:30 – 20:00<br>VILLA ROSA** |
| Candy maak dit duidelik dat sy nie gaan kant kies nie. Koert is ontsteld.<br>Braam geniet dit om by die kwekery te werk.<br>Rex is in die wolke. | Faith weier om haar werk ernstig op te neem.<br>Hope en Charley stel voor dat sy 'n sielkundige spreek om haar lewe in orde te kry. Faith stel nie hierin belang nie.<br>Sy vind baie vinnig 'n manier om die situasie by die werk te manipuleer sodat dit haar die beste pas. | Natasha soek antwoorde by Shane, en Charl probeer hom dringend opspoor.<br>Marius tref 'n geluk met 'n weddenskap. Dit spoor Fritz aan om self te begin dobbel. |

[Verwerk uit: *Beeld,* 9 Maart 2006]

- Jy sal nul kry as jy nie die instruksies volg nie.
- Gee slegs die antwoord.
- Jy hoef nie die vrae in volsinne te beantwoord nie.

2.1 Jy kyk gewoonlik net na *Egoli* en *Generations*.
Hoe lank sal jy tussen dié twee programme moet wag? (1)

2.2 Jou twee beste vriende argumenteer met mekaar oor iets. Hoe sal Candy van *Egoli* jou help om hierdie situasie te hanteer? (1)

2.3 In watter program klink dit asof 'n prokureur se hulp ingeroep sal moet word? (1)

2.4 In watter program is daar definitief 'n diefstal gepleeg? (1)

2.5 Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat sê dat 'n karakter in *Egoli* baie gelukkig is. (1)

2.6 Hoe verskil Emma se reaksie teenoor haar pa van Neville se reaksie teenoor sy eks-vrou? (2)


2.7 Is die volgende twee stellings WAAR of ONWAAR?
Haal elke keer EEN SIN uit die televisiegids aan wat bewys waarom jy so sê.

2.7.1 Faith is 'n selfsugtige meisie. (2)

2.7.2 Marius werk hard vir sy geld. (2)
**[11]**

**VRAAG 3: RESENSIE**

- Lees die volgende resensie versigtig deur.



## MADAGASCAR

**Waaroor gaan dit?**

'n Kameelperd, 'n seekoei, 'n leeu en 'n sebra ontmoet in die New Yorkse dieretuin en spoel op die eiland, Madagaskar, uit. Dis nie so goed soos *Shrek* nie, want die karakters is nie so oorspronklik nie. Tog kruip hulle in jou hart in. Die tekeninge is kleurvol, maar die dialoog is nie so goed nie.

**Wie sal daarvan hou?**

Dit is die soort animasieprent waarvan kinders nie die eerste keer genoeg sal kry nie. En as dit op DVD verskyn, sal jy jou sak moet skud. Die musiek in die laaste tonele sal selfs grootmense se tone kielie.

**Hoe het die fliek oorsee gedoen?**

Dit het R370 miljoen gekos om die fliek te maak, maar het alreeds meer as R660 miljoen ingebring.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 7Julie 2005]

- Jy sal nul kry as jy nie die instruksies volg nie.
- Gee slegs die antwoord.
- Jy hoef nie die vrae in volsinne te beantwoord nie.

3.1 Gee TWEE redes waarom *Madagascar* nie so goed soos ander tekenprente is nie. (2)

3.2 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Haal EEN SIN uit die resensie aan wat bewys waarom jy so sê.
*Madagascar* was 'n finansiële sukses. (2)

3.3 "Tog kruip hulle in jou hart in." (Paragraaf 1)
Wat bedoel die skrywer met hierdie sin? (1)

3.4 Voltooi die volgende sin met EEN WOORD.

As musiek "die tone kielie", beteken dit dat jy wil … as jy dit hoor.

A loop
B marsjeer
C dans
D draf (1)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 4: MANIERE OM JOU HUIS VEILIG TE HOU

### INSTRUKSIES

- Noem SEWE maniere hoe jy jou huis tydens jou afwesigheid veilig kan hou.
- Skryf elke manier in jou eie goeie volsin neer.
- Jy mag nie meer as een sin oor elke manier skryf nie.
- Skryf jou sinne puntsgewys en onder mekaar van 1 tot 7 neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 100 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.
- Jy sal gepenaliseer word as jy baie meer as 100 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

### MANIERE OM JOU HUIS VEILIG TE HOU

Terwyl jy met vakansie is, moet jy seker maak dat jou huis en besittings veilig is. Daar moet diefwering voor al jou vensters wees en hekke voor jou buitedeure. Dit hou dalk nie die diewe uit nie, maar dit laat hulle twee keer dink, omdat dit moeiliker is om in te breek.

Kry iemand wat jy kan vertrou om jou ligte aan en af te skakel. Ligte wat heeldag en heelnag brand, is 'n teken dat jy weg is. As daar nooit ligte brand nie, is dit duidelik dat daar niemand tuis is nie.

Dit is belangrik dat iemand jou tuin netjies hou terwyl jy weg is. As jou gras ewe skielik lank is, sal die diewe weet jy is met vakansie. Bosse en bome naby die huis moet geknip word.

As daar 'n hoop koerante en pos naby jou posbus rondlê, weet almal die gesin is met vakansie. Reël dat iemand daagliks jou pos verwyder en kanselleer alle aflewerings. Dit is maklik om deur die venster te sien wat binne aangaan en daarom is dit slim om eerder waardevolle items weg te steek. Sluit jou TV en DVD liewer in 'n kas toe.

Moenie waardevolle items naby vensters los nie. Items wat naby oop vensters is, word ook maklik deur die skelms deur die diefwering gegryp. Maak alle vensters toe.

Jy kan net honde wat opgelei is, by die huis los. Gedurende die dag bly hulle buite, maar saans moet iemand hulle kos gee en in die huis toesluit. As hulle snags blaf, weet jou buurman daar is fout.

Sleutels en afstandbeheertoestelle is die twee items wat 'n mens veilig moet bewaar. Moenie sleutels onder matjies of blompotte wegsteek nie. Iemand kan jou dophou en maklik jou huis oopsluit.


[Verwerk uit: *Vrouekeur,* 17 Desember 2004]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK

## VRAAG 5: WOORDGEBRUIK EN WOORDSTRUKTURE

- Bestudeer die volgende spotprent versigtig.




[Verwerk uit: *Die Burger*, 29 November 2005]


### INSTRUKSIES

- Voltooi die volgende paragrawe soos aan die regterkant aangedui.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord.

| | |
|---|---|
| 5.1 Baie (aktief) mans wat ouer as 5.2 (40) is, kry nie so maklik 5.3 (hartaanval) soos dié wat nooit enige oefening kry nie. | 5.1 Gee die korrekte vorm.<br>5.2 Skryf die getal uit.<br>5.3 Gee die korrekte vorm. |
| Jan se vrou is 5.4 (baie kwaad) vir hom, omdat hy net heeldag op die stoep sit en die klomp klein 5.5 (vlieë) met die 5.6 (vlieg+plak) wegjaag. | 5.4 Gee EEN woord.<br><br>5.5 Gee die korrekte vorm.<br>5.6 Gee EEN woord. |
| 5.7 (Selfs / Self) die hond is lui en lê op die stoep en slaap. Dit is reeds die 5.8 (drie) dag wat Jan se vrou oor die tuin kla. | 5.7 Kies die korrekte woord.<br>5.8 Gee die korrekte vorm. |

| | |
|---|---|
| Ons hoop die hond is net so 5.9 (kwaai / kwaad) soos die tannie, maar moet liewer nie slapende honde 5.10 (…) maak nie. | 5.9 Kies die korrekte woord.<br><br>5.10 Voltooi die uitdrukking met EEN woord. |
| Die tuin is regtig in 'n 5.11 (verwaarloos) toestand en Jan sal iets daaraan moet doen. Eers kan hy begin deur die bossies in die tuinpaadjie uit te trek. Daarna kan hy met die 5.12 (masjien waarmee 'n mens gras sny) die gras begin sny. | 5.11 Gee die korrekte vorm.<br><br>5.12 Gee EEN woord. |

- Bestudeer die volgende weerkaart versigtig.




[Uit: *Die Burger*, 13 Desember 2005]

## INSTRUKSIES

- Voltooi die volgende paragrawe soos aan die regterkant aangedui.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord.

| | |
|---|---|
| Vandag gaan dit 'n sonnige dag wees, maar 5.13 (by / teen) vanmiddag gaan dit bewolk word. Slegs by party plekke is daar wolkies, wat die simbool is dat dit 5.14 (miskien) daar gaan reën. | 5.13 Kies die korrekte woord.<br><br>5.14 Gee die sinoniem. |

| | |
|---|---|
| Calvinia in die noorde is baie 5.15 (droog) as Hermanus. | 5.15 Gee die korrekte vorm. |
| Die heel 5.16 (warm) plek in die land is Clanwilliam en die mense 5.17 (wie / wat) daar woon, gaan seker vandag swem. Dit lyk asof die 5.18 (wes + wind) vandag op party plekke gaan waai. | 5.16 Gee die korrekte vorm.<br>5.17 Kies die korrekte woord.<br>5.18 Gee EEN woord. |
| As jy noordwaarts ry, sal jy uiteindelik by die grens van die 5.19 (Noordkaap / Noord-Kaap) kom. | 5.19 Kies die korrekte spelling. |
| Daar is verskeie internasionale 5.20 (lughawe) in Suid-Afrika en die grootste een is in Johannesburg. | 5.20 Gee die korrekte vorm. |
| Die padteken 5.21 (vir + dit) is 'n vliegtuig. Op die lughawe is daar altyd mense wat 5.22 (aankom). | 5.21 Gee EEN woord.<br>5.22 Gee die antoniem. |
| Die temperatuur in Beaufort-Wes gaan vandag sewe en dertig 5.23 (°) wees. | 5.23 Skryf die simbool (°) uit en begin met g... . |
| Daar sal 'n mens vandag 5.24 (jy / sy / jou) hoed moet dra. | 5.24 Kies die korrekte woord. |
| | (24÷2) |

**[12]**

## VRAAG 6: SINSTRUKTURE

- Die taalvrae wat volg, is op die volgende prent gebaseer.




[Verwerk uit: *Keine Panik*]

6.1 Skryf die volgende sinne oor en begin soos aangedui.

6.1.1 Pa kyk sokker.
Pa is besig om … . (1)

6.1.2 Pa ondersteun die oorsese sokkerspan.
Die oorsese sokkerspan … . (2)

6.1.3 Pa sê: "Ai tog! My span gaan miskien verloor."
Pa sê ontsteld dat … . (2)

6.1.4 Is dit al rustyd?
Nee, … . (2)

6.1.5 Die oorsese sokkerspan wen die wedstryd oortuigend.
Môre … . (1)

6.1.6 Die seun het die kar gestamp.
Die kar … . (1)

6.2 Kies die korrekte ontkennende vorm vir die volgende sin.

Mis tog asseblief daardie doel!

A Mis tog nie asseblief daardie doel nie!
B Asseblief, moenie tog daardie doel mis nie!
C Moenie tog asseblief daardie doel mis nie!
D Moet asseblief tog nie daardie doel mis nie! (1)

6.3 Skryf die volgende sinne oor en begin soos aangedui:

6.3.1 Die speler het die bal ongelukkig uitgeskop.
Vandag … . (1)

6.3.2 Die bure hoor ook Pa se geskree.
Gister … . (1)

6.3.3 Die seun vra: "Kan ek asseblief die kar leen?"
Die seun vra of … . (2)

6.4 Verbind die volgende twee sinne en begin soos aangedui.

Die pa hoor nie sy seun nie.
Sy aandag is by die sokkerwedstryd.
Aangesien … . (2)

Kopiereg voorbehou

6.5 Verbind die volgende twee sinne met die woord tussen hakies.

Die seun wil die kar leen.
Hy vra sy pa daarvoor. (dus) (1)


6.6 Rangskik die volgende groepe woorde tussen hakies in die korrekte volgorde.
Hulle sal seker (na 'n disko) (vir die aand) (saam met vriende) gaan. (1)
**[18]**

## VRAAG 7: KOMMUNIKASIE

### INSTRUKSIES

- Bestudeer die prente in hierdie vraag.
- Lees die situasie by elke prent.
- Voltooi dan die opdrag.

7.1 **VERSOEK WEIER**




[Verwerk uit: *Shuters Business Studies*]

Situasie: John gaan op 'n skooltoer. Hy het nog geld nodig. Hy staan by die stopstraat en vra vir elke motoris om vir hom 'n donasie te gee. Die motoris in die prentjie wil nie vir John geld gee nie.

Opdrag: Skryf EEN sin (nie meer as 15 woorde nie) wat die motoris vir John gesê het.

Die motoris: "…………………………………………………………………… ."

(2)

## 7.2 REAGEER OP 'N VERSOEK EN 'N VERDUIDELIKING



[Uit: *Shuters Business Studies*]


Situasie: Thabo verkoop kaste groente teen R35 elk. Mev. Vazi wil dit baie graag hê, maar sy het net R20.

Opdrag: Skryf EEN sin (nie meer as 15 woorde nie) hoe mev. Vazi vir Thabo sal antwoord.

Thabo: Mev. Vazi, ek het vars groente teen R35 per kas. Stel u belang?

Mev. Vazi: "...................................................................... ." (2)

7.3 **NAVRAAG DOEN**



[Uit: *Shuters Business Studies*]

Situasie: Sinomtha wil graag 'n selfoon koop, maar sy weet nie of sy genoeg geld het nie.

Opdrag: Hoe sal sy vir die verkoopsdame vra?

Kies een van die volgende moontlikhede:

A Wat is die prys van daardie selfoon?
B Hoeveel kos daardie selfoon?
C Watter prys het daardie selfoon?
D Wat is die koste van daardie selfoon? (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou